AP AKADEMIE
Ou Spore - Nuwe Wee

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderriggewers (SACE) vereis dat alle geregistreerde onderwysers oor 'n siklus van drie jaar 150 VPT-punte moet verdien om registrasie te behou.

Die Afrikaanse Protestantse Akademie is 'n privaat tersiêre instelling waar onderwysers die nodige punte kan verdien en terselfdertyd waarde toevoeg tot die klaskamer en eie professionele ontwikkeling. Die kursusse is by SACE geregistreer en elkeen is 30 krediete werd. Dit word vier maal per jaar aanlyn deur deskundiges op hulle vakgebiede aangebied in beide Afrikaans en Engels.

Die AP Akademie kan 'n kursus ook in persoon by skole in Pretoria aanbied indien 'n groep van vyf of meer onderwysers belangstel. Daar is afslag vir groepbesprekings.

Datums 2023:

30 Januarie - 24 Maart	**4 Mei 2023 -22 Junie**	**14 Augustus - 13 Oktober**	**16 Oktober - 08 Desember**

Kursusse

Stres, Emosionele Uitputting en Uitbranding in die Onderwys

Hierdie werkswinkel is 'n pro-aktiewe voorkomingsprogram wat gerig is daarop om 'n bewustheid te kweek van die oorsake, simptome en gevolge van volgehoue stres, uitputting en uitbranding op onderwysers. Faktore in die onderwys wat bydraend is tot die ervaring van negatiewe stres, raak toenemend kompleks. Langtermyn blootstelling aan negatiewe stres kan tot uitbranding lei. Selfsorg sluit in 'n bewustheid van die probleem, asook die effektiewe hantering daarvan ten einde die aftakelende effek wat dit op die liggaam, emosionele en geestelike welstand het te voorkom.

Gesonde Verhoudings

Goeie interpersoonlike verhoudings tussen kollegas is van kardinale belang vir die welstand van enige individu. Een van die struikelblokke waarmee onderwysers gekonfronteer word, is negatiewe interpersoonlike verhoudings met 'n kollega/kollegas. Dit is dus nodig om onderwysers toe te rus met begrip en insig in hul eie kommunikasie- en konflikhanteringstyl én die van kollegas. Vanuit hierdie kennis word die onderwyser dan bemagtig om meer effektief te kan kommunikeer en ook konflik en/of verskille met kollegas op 'n volwasse en doelgerigte wyse te kan aanspreek.

Neuromotoriese Ontwikkeling

Onderwysers se hoofdoel is om kennis en vaardighede aan hul leerders oor te dra. Dit kan egter slegs gebeur wanneer die kinders in hul sorg rustig, gefokus en gereed is om hierdie kennis en vaardighede in te neem. Hierdie staat van konsentrasie kan slegs bereik word wanneer die kind fisies geïntegreer is: die liggaam is ontspanne dog wakker; die sintuie sif effektief deur noodsaaklike en onnodige inligting; opdragte kan vinnig, effektief en met die minimum moeite uitgevoer word. Ongelukkig ontbreek hierdie ontspanne konsentrasie by baie leerders. Hulle is oorspanne of afwesig, sukkel om tussen noodsaaklike en afleidende stimuli te onderskei en om inligting te verwerk en effektief daarop te reageer. Dit kan manifesteer as gedrags- of leerprobleme wat die onderwyser se roeping 'n onbegonne taak maak en kan lei tot konflik, uitputting en verdere trauma vir beide leerder en leerkrag.

Kreatiwiteit & Innovasie

Onderwysers se primêre taak is om leerders voor te berei vir 'n professionele amp, 'n beroep of entrepreneurskap. Leerders het, wanneer hulle die beroepswêreld betree, sekere eienskappe en vaardighede nodig om eerstens aangestel te word, ondersteun/assisteer te word (d.m.v. finansiële ondersteuning of leerderwerksgeleenthede) en uiteindelik suksesvol te wees in vandag se wêreld en veral in die toekoms. Dit is dus nodig om die onderwyser toe te rus met die vaardigheid om self kreatiwiteit toe te pas asook die vermoë om tydens die leerervaring die psigologiese omgewing te skep om leerders te bemagtig om kreatiewe denke te ontdek, ondersoek en toe te pas. Hierdie vermoë is krities vir oorlewing en florering in die besigheidswêreld.

Probleemgedrag in die Klaskamer

Onderwysers word daagliks met talle struikelblokke gekonfronteer wat effektiewe onderrig en leer in die klas bemoeilik. Een van hierdie groot struikelblokke is dikwels spesifieke leerders se probleemgedrag in die klas – en die gepaardgaande frustrasie vir jou as volwassene om die probleemgedrag te probeer bestuur. Die invloed van o.a. trauma en binding word geduren-de hierdie kursus in diepte verken as belangrike aspekte wat hoofsaaklik kan inwerk op leerders se gedrag in die klas. Vanuit hierdie kennis word die onderwyser bemagtig om kinders met probleemgedrag meer effektief te kan hanteer en te onderrig; asook te begin begelei in 'n proses om verantwoordelikheid vir hulself, asook hul gedrag, te begin opneem.

Misbruik en Etiese Optrede

In die skoolomgewing is opvoeders nie net verantwoordelik vir die onderrig van leerders nie, maar ook vir die ontwikkeling en verryking van hierdie kinders se geestelike en fisiese welstand. Suid-Afrika het een van die hoogste syfers vir geweld en mishandeling van kinders en vroue ter wêreld. Dit is dus 'n noodsaaklikheid om opvoeders toe te rus met kennis van toepaslike protokolle en die identifisering van leerders in gevaar, asook effektiewe verslagdoeningsprosedures, insluitend effektiewe fasilitering van die medelingsproses.

Aanbieders

Marlene Pienaar (Uitbranding in die Onderwys)

As Christen gee ek in alles my beste en doen ek wat my hand vind om te doen tot eer van die Here. My lewensleuse is: "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee". Ek is positief en optimisties en streef daarna om 'n verskil in die lewens van ander te maak.
Marlene is 'n opgeleide sielkundige berader en beskik oor die volgende kwalifikasies:
BA Sielkunde en Sosiologie
BA(Hons)(Sielkunde)
BA(Hons)(Mediese Sosiologie)
MA Positiewe Sielkunde
HELIOS STREPCO Counselling

Tildie de Villiers (Gesonde Verhoudings)

My passie en roeping is om mense te begelei tot dieper selfkennis binne verhoudings sodat hulle kan insig kry in die dinamiek van hul eie beskermende gedrag (veg, vlug of vries) tydens konfliksituasies en dié van ander en wat die oorsprong of kern daarvan is.

Tildie beskik oor die volgende kwalifikasies:
BCom Bedryfsielkunde
BCom (Hons) Bedryfsielkunde
MCom Bedryfsielkunde

Adél Breytenbach (Neuromotoriese Ontwikkeling)

Om te kan leer moet elke kind in elke klas teenwoordig wees – in die oomblik, wakker, ontvanklik. 'n Gebrek aan konsentrasie en motivering is dikwels die grootste struikelblokke waarteen ons en ons leerders elke dag te staan kom. Deur beweging kan ons hulle help anker in die fisiese werklikheid en fokus op die les, sodat hulle goeie resultate kan behaal en uiteindelik suksesvolle volwassenes word.

Adél beskik oor die volgende kwalifikasies:
BA(Hons)(Drama)
PGCE
Opgeleide Mind Moves instrukteur en geakkrediteer by die Mind Moves Institute
12 jaar onderwyservaring

Fred de Villiers (Kreatiwiteit & Innovasie)

Fred dryf handel in persoonlike- en kreatiwiteitsenergie met meer as net 'n tikkie malheid. Hy ontwerp, bestuur en fasiliteer innovasie- en kreatiwiteitpretwinkels. Fred het al sy idees by die Henley Besigheidskool, Monash Universiteit, Eskom se Leierskap Fakulteit, die Kreatiwiteitskonferensie, Suid-Afrikaanse Innovasie Beraad en die Vereniging vir Voorskoolse Onderwys en Sorg rondgegooi. Maatskappye soos Liberty, Aon Versekering, die Reserwebank, Coca-Cola, Standard Bank, Premier Foods, SAB, SARS, FNB, MTN en Vodacom het sy sessies al bygewoon.

Mia Coertze (Probleemgedrag in die Klaskamer)

My passie is om onderwysers te bemagtig om die leerders voor hulle beter te begryp – om werklik te verstaan hoekom 'n kind se gedrag in die klas soms so moeilik kan wees. Daarmee saam om die leerkrag te bemagtig om elke leerder so te kan hanteer dat die beste in beide die kind sowel as die onderwyser na vore kan tree.

Mia beskik oor die volgende kwalifikasies:
B.Prim.Ed (Jun Prim)
B.Ed Hons (SEN)
M.Diac (Meestersgraad in Spelterapie)

Nolene Rust (Misbruik en Etiese Optrede)

Ek is 'n student van die lewe, mense en verhoudings en is passievol oor ouerleiding, gesonde seksuele ontwikkeling en die beskerming van 'n mens se liggaam teen misbruik.
Nolene is 'n geregistreerde berader en spelterapeut wat vir die afgelope 17 jaar met kinders werk. Sy het ervaring in beide die privaat-, regering- en skoolsektor en lewer gereeld bydraes tot tydskrifte, radioprogramme en ouerleidinggeleenthede oor ouerskap, kinderontwikkeling, en seksuele misbruik en -voorkoming.
Nolene beskik oor die volgende kwalifikasies:
B.Psych
M.Diac (Meestersgraad in Spelterapie)
MSW (Meestersgraad in Maatskaplike Werk)

Kostes

R2 300 per persoon per kursus (volledige administrasie en studiemateriaal ingesluit)
Daar is afslag vir groepbesprekings.

Tydsduur

Agt weke per kursus verdeel in drie tot vier ure per week bestaande uit:

- Een uur aanlyn lesing,
- Twee tot drie ure verdeel in die voltooiing van assesseringstake en voorbereiding vir die volgende lesing.

Tydraamwerke vir regstreekse aanbieding op aanvraag beskikbaar.

Bespreking

Om te registreer volg hierdie skakel: https://www.apa.ac.za/tpk-registrasie/
of skandeer hierdie prentjie of stuur 'n e-pos aan tpk@apa.ac.za.

Terme en voorwaardes geld

HE000000835